**Donderdag 13 Julie**
**Skrifgedeelte: Maleagi 2:17 – 3:5 (AFR53)**
**Fokusgedeele: Maleagi 3:1**
**God laat reg geskied, ondanks die sonde van sy volk**

Die volk het met 'n groot probleem gesit – hulle kon nie onderskei tussen goed en kwaad nie. Só erg was dit dat hulle so ver gegaan het om te sê: "Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae …"

Die volk het die verbond verbreek. Hulle was ongehoorsaam. Ná die ballingskap was dit steeds dieselfde – 'n ongehoorsame volk. God het nie verander nie, maar hulle het. God laat reg geskied ondanks hulle sonde.

Die HERE tree verrassend op. Daar is net te veel sonde wat alledaags geword het onder hulle – toordery, gemengde huwelike, egskeiding, valse ede, uitbuiting van die weerlose. Dis nie goed nie, maar sleg. Dit moet reggestel word. Daarvoor stuur die HERE sy boodskapper. In profetiese taal wys Hy op die verandering en vernuwing wat Hy gaan bring. "Ek stuur my boodskapper …" Maleagi se naam beteken "bode van die HERE" en hy is die boodskapper wat reeds daar die boodskap van die HERE oorgedra het. Hierdie boodskapper is ook die Engel van die verbond. Hy het die gesag en mag om die volk te reinig, sodat hulle Hom volgens sy wil kan dien. Jesus Christus het gekom en Hy was nie alleen lydende Kneg nie, maar juis Verlosser wat die sondaar van sy sonde losgemaak het en aan God gebind het om dienswerk te verrig.

Dit het Hy ook aan jou en my gedoen. Hy lei ons nou deur sy Gees om op hierdie pad te volhard.

*Psalm 86-1:3, 6*
*Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)*